

6 November

**Skrifgedeelte: Handeling 11:25-30; 13:1-12**

**Fokusgedeelte: Handeling 11:26c; Heidelbergse Kategismus Sondag 12**

### **Christus – die Gesalfde**

*“In Antiochië is die gelowiges die eerste keer Christene genoem.”*

Salwing (meestal met reukolie) was in die tyd van die Ou Testament 'n simbool van amptelike aanstelling en toerusting deur God. Ons bely dat Jesus (tydens sy doop, Matt. 3:16-17) deur die Heilige Gees gesalf is as hoogste Profeet (wat God se wil oor ons verlossing bekend maak), tot enigste Hoëpriester (wat Homself vir ons offer en vir ons by God intree) en tot ewige Koning (wat ons met sy woord en Gees regeer en ons beskerm en bewaar). Daarom word Jesus ook Christus (Gesalfde) genoem.

Mense wat in Jesus glo, ontvang dieselfde Gees as Hy, en deel dus in Jesus se salwing. Hulle is dus ook aangestel, toegerus en geroep tot profete (wat Jesus se Naam bely), priesters (wat hulle lewe uit dankbaarheid aan God opoffer) en konings (wat teen die duiwel stry en in die lewe hierna saam met Christus sal regeer).

Let op hoe dit baie vroeg in die geskiedenis van die Christelike kerk al duidelik word dat gelowiges sulke mense is. In ons Skrifgedeelte sien ons hoe die gemeente van Antiochië met priesterlike bewoënhed optree deur offervaardig vir die nood van die gelowiges in Judea (11:27-30) by te dra. Ons lees hoe hulle profeties diensbaar is en mense uitstuur om die evangelie van Jesus in die wêreld te verkondig (13:1-3). Ons lees ook hoe hierdie uitgestuurde mense koninklik die werke van die duiwel bestry (13:8-12).

Waarom noem buitelanders die gelowiges van Antiochië “Christene”? Dit moet wees omdat hulle in die optrede van die gemeente iets van Christus herken het. Sy drie ampte (Koning, Priester, Profeet) moet ook nou nog deur die werking van die Gees in die lewe van gelowiges gestalte kry. Dra dus die naam “Christen” vandag in waarheid.

*Sing: Skrifberyming 3-4:1, 5*

*Dr. WC Vergeer (Krugersdorp)*